

20 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 18-20
God vestig sy volk

In 1 Kronieke 17 het God belowe dat Hy sy volk se vyande sal onderwerp. 1 Kronieke 18 tot 20 vertel aan ons hoe Hy sy belofte vervul het. Een na die ander moes Israel se vyande voor hulle die knie buig. Al die omliggende volke is oorwin en aan Dawid onderwerp. So is sy magsgebied uitgebrei tot by die Eufraat.

Dit was inderdaad die goue era in Israel se staatkundige geskiedenis. Die Kronis stel dit egter by herhaling dat dit nie aan Dawid of die volk te danke was nie. Dit was die Here self wat dit gedoen het.

Die Here alleen moet erken word as die Maghebber oor hemel en aarde. Niks wat ons besit, is ons eie verdienste nie, en niks wat ons bereik, is deur ons eie vernuf nie. Alles wat ons is en het, kom alleen maar uit die genadige hand van God.

Wees gewillige instrumente in God se hand om te doen wat Hy wil. Wees dankbaar teenoor Hom vir alles waarin Hy ons deur sy genade laat deel. En as ons oor sukses wil roem, laat ons slegs in die Here roem.

Sing: Psalm 21:1, 9

Ds HB Hattingh (Warmbad)

